RAKKER

Respek / Respect · Authentic / Oorspronklik · Kreatief / Creative · Kommunikasie / Communication · Entoesiasme / Enthusiastic · Responsibility / Verantwoordelikheid

> Vrees nie die toekoms nie, huil nie oor die verlede nie.

# Uit die Hoof se Kantoor

Soos wat die jaar vinnig ten einde snel, wil ons graag ons ouers, leerders en personeel, 'n wonderlike Kersfees toewens. Mag dit 'n tyd van rus wees wat elkeen met wonderlike herinneringe sal vul. *Midstream Ridge Laerskool* het weereens 'n uitsonderlike jaar ervaar en ons grootste verwagtinge is oortref, op meer as een gebied. Dankie weereens vir u ondersteuning gedurende die jaar.

Dit is met groot hartseer dat ons van die volgende personeel afskeid neem: Juffrou Chloe Vogt het volwaardige onderwyspos elders aanvaar. Juffrou, mag jou eie klas jou oneindige vreugde verskaf. Juffrou Nicole Prinsloo verhuis na Nederland. Ons vertrou dat sy en haar gesin, gou hul voete sal vind. Juffrou Carli Kühn-Ernst verhuis na Johannesburg en gaan 'n nuwe loopbaan begin. Mag hierdie loopbaan-skuif net die beste vir jou inhou.

Dames, baie dankie vir die voetspore wat jul by *Midstream Ridge* agterlaat.
Jul reuse bydraes word opreg waardeer.

Baie dankie ook aan Juffrou Elzaan Naude wat by ons afgelos het. Juffrou, geniet die blaaskansie.

Die nuwe personeel wat in 2024 by ons aansluit is:
Mnr. Louwrens Pieterse (LO en Sosiale Wetenskap); Mnr Janco Pfister (Robotika en Tegnologie) en Me. Karlien Swanepoel (Afrikaans).

Indien u reis, kom veilig terug. Mag u feesgety met liefde, lag en saamwees gevul wees.
Mag elke dag vir u vreugde bring in die jaar wat voorlê.
Geseënde Kersfees.

## INLIGTING

**Klik asb. op die onderstaande skakels vir verdere inligting:**

- **MRP Musieksentrum**
- **Uniformwinkel (Vakansie-Ure & Kompetisie)**
- **Capriole Stalle Poniekamp**
- **Kalender vir 2024**
- **2024-Afskop**
- **Dance Academy**

# 4 - 6 DESEMBER 2023 PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| Maandag, 4 Desember 2023 | 08:00-09:00<br>09:30-10:00<br>11:00-12:00<br>12:00 | Gr. 7-Kerkdiens<br>Laureatus Prysuitdeling-Oefening<br>Gr. 1-7 Klaspartytjies<br>Skool sluit Gr. 1-7 |
| Dinsdag, 5 Desember 2023 | 08:00-10:00<br>08:00-10:00<br>10:00-10:15<br>10:00-14:00<br>10:15-12:00<br>12:00 | Laureatus Prysuitdeling (Gr. 4-7)<br>Gr. 1-3 Gewone klas<br>Pouse Gr. 1-6<br>Gr. 7-Afskeid<br>Gr. 1-6 Handjietennis-Kampioenskappe<br>Skool Sluit Gr. 1-6 |
| Woensdag, 6 Desember 2023 | 07:45-09:00<br>09:15<br>10:00 | Buite-Skoolverband Sport Prysuitdeling<br>Finale Saalopening Gr. 1-7<br>Skool Sluit Gr. 1-7 |

## SKRYFBEHOEFTE- EN BOEKELYSTE PER GRAAD 2024

Vir u gerief is elke vak se skrifte, voorblaaie ens. uiteengesit. Klik asseblief op die onderstaande toepaslike skakel.

GRAAD 4

GRAAD 5

GRAAD 6

GRAAD 7

## HERWINNING BY MRP

Ons herinner ouers graag aan ons Herwinningsprojek by die skool. Dit is dié tyd van die jaar waar ons die huis stadig begin voorberei vir volgende jaar deur ontslae te raak van rommel en onnodige items.

Die Herwinningsmaatskappy waarvan ons gebruik maak, aanvaar graag die volgende items vir herwinning:

- Alle koerante, ou handboeke en werkboeke
- Plastiekomslae van boeke en lêers wat nie meer in 'n goeie toestand is nie
- Alle gebruikte wit papier
- Alle ander ongewenste verpakkingsmateriaal en bokse.

Indien u enige navrae het oor die aflaaipunt vir hierdie items vir herwinning, kontak gerus vir juffrou Van Wyk by chantellev@midstreamridgeprimary.co.za.

**Skool begin DV. op Woensdag, 17 Januarie 2024**